



# HONDE WAT PRAAAT

deur Monique de Jager  
DIEREGEDRAGSKUNDIGE (DipCABT) C.C.A.B

Vir ons  
Afrikaanse Lesers

# Ware Taal of Net Slim Leer?

Die storie van “Slim Hans” is een van die bekendste voorbeelde in diergedragwetenskap van hoe menslike liggaamstaal 'n dier se gedrag kon beïnvloed sonder dat ons dit beseft het.

## DIE OORSPRONKLIKE STORIE

‘Slim Hans’ was 'n perd in Duitsland in die vroeë 1900's wat aan Wilhelm von Osten behoort het. Von Osten het geglo dat sy perd kon dink en wiskunde doen. Hy het Hans geleer om vrae te “antwoord” deur met sy hoef op die grond te klop.

Hy sou bv vir Hans vra: “Wat is 3 + 2?” Hans sou dan 5 keer klop. Baie mense het gedink die perd kan optel en aftrek, letters herken en vrae verstaan. Hans het selfs openbare demonstrasies gedoen en baie aandag getrek.

## DIE ONDERSOEK

'n Wetenskaplike met die naam Oskar Pfungst het die perd begin bestudeer en het 'n paar slim eksperimente gedoen.

Gedurende sy ondersoek het hy die volgende ontdek:

- As die persoon wat die vraag vra die antwoord ken, kry Hans meestal die regte antwoord.
- As die persoon nie die antwoord ken nie, raak Hans se antwoorde baie minder akkuraat.
- As Hans nie die persoon kon sien nie, kon hy ook nie die antwoord gee nie.

## WAT HET REGTIG GEBEUR?

Hans het ongelukkig nie wiskunde gedoen nie, maar hy was inderdaad baie slim, maar op 'n ander manier.

Hy het eintlik geleer om baie subtiele liggaamstaal tekens van mense te lees: klein veranderinge in houding, spanning in die gesig en 'n effense kopbeweging wanneer die regte nommer bereik word, was alles subtiele tekens vir Hans.

Wanneer Hans begin klop het mense effens meer gespanne geraak en wanneer die regte antwoord bereik word, het hulle onbewustelik ontspan. Hans hou dan op met klop en word beloon met groot applous en lekker soet appels! Vandag staan die verskynsel bekend as die ‘*Clever Hans effect*’. Dit beteken bloot dat 'n dier reageer op onbewustelike menslike leidrade eerder as om die probleem werklik te verstaan. Selfs iets so klein soos wanneer 'n persoon hul asem ophou in afwagting op iets kan dit vir 'n oplettende hond 'n leidraad wees in daardie konteks indien hulle voorheen 'n assosiasie kon maak.

**HOE LEER  
HONDE DAN  
WERKLIK?  
DAAR IS 2 METODES**

## KLASSIEKE KONDISIONERING


Hier gaan dit oor assosiasies tussen stimuli. Die dier leer dat een ding iets anders voorspel. Die bekendste voorbeeld is die werk van *Ivan Pavlov* met honde: 'n Klokkie lui → kos kom. Na 'n paar repetisies: klokkie lui → hond begin speksel produseer nog voor die kos te voorskyn kom. Hier leer die hond nie deur die gevolge van sy gedrag nie, maar deur assosiasie. Met 'n hond wat kommunikasieknoppies gebruik, speel beide klassieke kondisionering en operante kondisionering 'n rol in hoe die hond leer wat die knoppies beteken en hoe om dit te gebruik. Die hond leer dus dat 'n sekere woord of knoppie 'n spesifieke gebeurtenis voorspel.

Die hond vorm dus 'n assosiasie tussen die woord en die uitkomst. 'n Voorbeeld is waar die eienaar die “buite” knoppie druk elke keer voordat hulle buitentoe gaan. Dit word herhaal. “Buite” knoppie → deur gaan oop → hond gaan buite. Na 'n ruk begin die hond opgewonde raak wanneer hy die woord hoor, selfs voordat die deur oopgaan en so leer hulle die konsep van buite met 'n knoppie.

## OPERANTE KONDISIONERING

Hierdie medtode van leer gaan oor gedrag en die gevolge daarvan. Die dier leer: “Wat ek doen beïnvloed wat daarna gebeur.” Dit is hier waar die vier leerkwadrante inkom. Die konsep is ontwikkel deur B. F. Skinner. Die hond leer dat sy eie gedrag 'n gevolg het. Die hond ontdek dat knoppies druk sekere uitkomst veroorsaak, byvoorbeeld: die hond druk die “buite” knoppie en die gevolg: Die eienaar maak die deur oop. Die hond leer dus “Wanneer ek hierdie buite knoppie druk, gaan die deur oop.”





Stella was een van die eerste honde wat bekend geword het vir knoppie-kommunikasie. Haar eienaar, Christina Hunger, het die metode ontwikkel deur die gebruik van spraakterapie beginsels. Stella het uiteindelik meer as 40 woorde gebruik deur middel van knoppies.

Baie kenners meen die waarskynlikste verklaring is 'n kombinasie van klassieke en operante kondisionering en menslike lyftaal leidrade.

**DIT BETEKEN DAT HONDE WEL KAN LEER DAT SEKERE KNOPPIES SEKERE DINGE BETEKEN. DIE REGTE VRAAG KOM WEL IN, TOT WATTER MATE...**

#### INTERESSANTE FEITE

1. Honde verstaan woorde en gebare: Sommige honde kan meer as 200–300 woorde en handgebare leer, soortgelyk aan kleuters.
2. Individuele intelligensie verskil: Net soos mense, is sommige honde “genius-honde” wat spesiale vermoëns het om name of konsepte te leer.
3. Honde lees mense se gesigsuitdrukkings: Hulle kan jou gesig, oogbewegings en toon gebruik om jou emosies en bedoelings te verstaan.
4. Operante en klassieke kondisionering werk saam: Honde leer deur assosiasie (klassieke kondisionering) en deur gevolge van hul eie gedrag (operant kondisionering).

Die ‘Comparative Cognition Lab by die University van Kalifornië, in San Diego gelei deur Professor Federico Rossano doen verdere studies oor die kognitiewe vermoëns van diere en honde spesifiek. Ons sien uit na die Wetenskap se nuwe studies!

Fun, force-free training that builds confidence and strengthens bonds for all dog ages & breeds.

*Jurassic Bark Training*

**UNLEASH YOUR DOG'S POTENTIAL TODAY!**



[www.jurassicbark.co.za](http://www.jurassicbark.co.za)

